# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 14 12 April 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## SONDAG 12 APRIL – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeelte:** 1 Petrus 2:11-25
**Teksvers:** 1 Petrus 2:21
**Tema:** Goeie Herder Sondag: Geroep om te ly in Christus!

Paastyd herinner ons dat Jesus lewe en die dood verslaan het. Hy is die Goeie Herder wat sy skape ken, lei, beskerm en selfs sy lewe aflê sodat hulle in oorvloed kan lewe. Die ware evangelie beteken nie altyd gemak en voorspoed nie; dit roep ons tot navolging en soms lyding ter wille van God, Christus, die kerk en ons naaste. Gelowiges word geroep om onderdanig te wees, selfs teenoor onregverdige mense, en om goed te doen sonder om te sondig of verbitterd te raak. Jesus is ons voorbeeld in lyding; Hy het alles aan God oorgegee en gely sodat ons vir geregtigheid kan leef. Ons navolging toon ons vertroue in God en bring geestelike groei. In die Woordverkondiging let ons op:

1. Wees ONDERDANIG in lyding
2. Volg Christus se VOORBEELD in lyding

## Bybelskool 12 APRIL – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel - Geskrifte: Psalms

Die boek Psalms is ’n versameling van gebede en lofliedere wat die diepste emosies van die mens uitdruk. Dit is hoofsaaklik deur Dawid geskryf, saam met ander skrywers soos Moses en Asaf. Die Psalms fokus op temas soos:

- Lof en aanbidding
- Vertroue in God
- Vergifnis en berou
- Dankbaarheid en hoop

Dit wys God se karakter as almagtig, getrou en liefdevol, en leer ons hoe om in elke situasie na Hom te draai. Die Psalms is nie net ’n boek om te lees nie, maar om te bid, te sing en te leef -’n gids vir ’n lewende verhouding met God.

## SONDAG 12 APRIL 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Kerklike tydskrifte en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 19 April is na die oggenddiens vir die Emeritaatversorgingstrust en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 5 – Oudl. Hennie Minnaar
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg
- Katkisasie: les 9

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 13 TOT 19 APRIL 2026

**Donderdag 16 April**

15:00 Voedingsprojek; Groep A olv sr Marise Jacobs, Groep B olv sr Hettie Grové

**Vrydag 17 April**

09:00 Voedingsprojek; Groep A olv sr Marise Jacobs, Groep B olv sr Hettie Grové

**Saterdag 18 April**

Koningskinders se maandbyeenkoms

## DIENSBEURTE SONDAG 19 APRIL 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv Annerie Saaiman
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Lia Verhoef
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 6 – Oudl. Jaco van der Walt
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Miekie Jooste
- Katkisasie: les 10

## VAN HUIS TOT HUIS

**<u>Gelukwense:</u>**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

***14 April***

- Sr Hettie Grove (083 306 0123) Wyk 31

***15 April***

- Br John Arnold (082 389 2772) Wyk 34

***18 April***

- Br Thys Homan (082 852 1464) Wyk 1

***19 April***

- Sr Yvonne de Swardt (071 481 0323) Wyk 2

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

***13 April***

- Br Marthinus Lee (076 484 8129) Wyk 11

***14 April***

- Br Divan du Toit (079 399 3100) Wyk 30

***15 April***

- Sr Debbie Fichardt (082 454 1609) Wyk 21

***16 April***

- Br Johan Bothma (082 445 3335) Wyk 11
- Jbr Ludwig Fasen (082 554 4977) Wyk 3
- Sr Annerie Saaiman (082 339 6309) Wyk 6

***17 April***

- Sr Alet Hennop (083 779 6122) Wyk 13

***19 April***

- Sr Elsabe v Schalkwyk (082 780 9986) Wyk 16

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***14 April***

- Br Wimpie en sr Drina Naudè (082 818 9194) Wyk 4 met hul 25ste herdenking

***15 April***

- Br De Villiers en sr Susan Hoffman (082 458 2903) Wyk 17 met hul 58ste herdenking

***18 April***

- Br Johan en sr Riëtte Bezuidenhoudt (082 904 6871) Wyk 5 met hul 39ste herdenking

**<u>Lief en Leed</u>**

- Ons doen voorbidding vir almal wat siek, bekommerd of hartseer is in hierdie tyd.
- Ons bid vir sr Ria Mulder (082 852 2558) Wyk 25 wat nog in die Krugersdorp Privaathospitaal is vir toetse en behandeling. Mag die HERE haar kragte in hierdie tyd versterk.
- Ons bid vir sr Annatjie Lourens (082 869 5235) Wyk 31 wat uit die hospitaal ontslaan is en tuis aansterk. Mag die HERE haar versterk en verseker van Sy nabyheid en sorg.
- Ons bid vir sr Carola Krzyanski (079 595 6166) Wyk 5 wat weer geopereer moes word en aansterk. Ons glo en veRtrou dat die HERE haar spoedige beterskap sal skenk.
- Ons bid vir sr Annatjie du Plooy (083 494 0552) Wyk 14 wat baie ongemak en pyn verduur vanweë geswelde voete beleef. Sy moet eersdaags vir toetse hospitaal toe gaan. Beterskap word haar toegewens.

## KENNISGEWINGBORD

| | |
|---|---|
| **Kollektes: 3 April 2026** | **SnapScan: 3 April 2026** |
| R5346.00 Oggend: Barmhartigheid | R439.56 Oggend: Barmhartigheid |
| R1377.50 Oggend: Deure/ Korek. Dienste | R265.67 Oggend: Deure/ Korek. Dienste |
| **Kollektes: 5 April 2026** | **SnapScan: 5 April 2026** |
| R1833.00 Oggend: Barmhartigheid | R1024.05 Oggend: Barmhartigheid |
| R3932.00 Oggend: Deure/ Kerkkas | R231.85 Oggend: Deure/ Kerkkas |

## *Die boeke van Johannes (3)*

Die Openbaring van Johannes
Ons ken die boek as “Die Openbaring van Johannes”, maar as ons vers 1 lees, sien ons daar staan uitdruklik “Die Openbaring van Jesus Christus” – (’33).

Die eerste lesers van die Evangelie van Johannes was mense wat tot geloof beweeg (moes) word. Johannes 20:31: “Hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God.”

Die eerste lesers van 1 Johannes was mense wat reeds geglo het. 1 Johannes 5:13: “Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.”

Openbaring is geskrywe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië – en hulle is verteenwoordigend van al die gemeentes van Christus oor die hele aarde oor alle tye. Dus ook aan ons. Openbaring 1:4: “Van Johannes. Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië.”

Johannes gee in Openbaring nie werklik die doel van sy boek nie, maar eerder wat die karakter daarvan is, watter deurlopende en repeterende temas daarin voorkom. 'n Mens lees maklik bo-oor dié karakterisering. Dit staan – anders as by sy ander geskrifte – aan die begin van die boek: Openbaring 1:9: “Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan [1] die verdrukking en aan [2] die koninkryk en aan [3] die volharding.”

Alles wat die gemeentes deurmaak, maak hy saam met hulle deur. Hy deel daarin “deur ons verbondenheid met Jesus.” En dan noem hy die drie temas wat soos 'n goue draad deur die hele boek loop: [1] verdrukking [2] die koninkryk en [3] volharding.

In Openbaring 2 en 3 lees ons dat hierdie drie sake in ál sewe gemeentes aan die orde kom. Ek sou graag vir u wou aantoon hoe hierdie drie sake in al sewe gemeentes gestalte vind, maar vanweë beperkte ruimte wys ek net op die eerste twee gemeentes: Efese en Smirna.

Efese
Verdrukking: “Ek (Jesus) ken julle onvermoeide arbeid (“toil’).” (2:2)
Koninkryk: “So sê Hy (Jesus) wat die sewe sterre in sy regterhand vashou.” (2:1) Jesus Self regeer oor sy kerk. Regterhand simboliseer heerskappy.
Volharding: “Ek (Jesus) ken … julle volharding.” (2:2)

Smirna
Verdrukking: “Ek ken julle verdrukking en julle armoede… Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie.” (2:9, 10a)
Koninkryk: “So sê die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het.” (2:8) Jesus heers oor die dood.
Volharding: “Bly getrou tot die dood toe.” (2:10b) Smirna word aangespoor (om te volhard) om tot die dood toe getrou te wees.

Openbaring 4-22 vertel vir ons wat Johannes sien toe Jesus hom in die hemel opgeneeem het (4:1). Hy moet opskryf wat sien wat “wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur” (1:18). Hierdie drie elemente kom regdeur die geskiedenis van die kerk voor. Ek noem slegs een voorbeeld van elke element.

Verdrukking: Johannes sien die gelowiges wat reeds dood is en salig is omdat hulle hulle klere wit gewas het (hulle sondes is vergewe) in die bloed van die Lam (Christus) (7:14). Wie is hulle? “Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom.” (7:14) Vanuit die hiernamaals gesien, verkeer die kerk oor alle eeue in 'n “groot verdrukking”.

Koninkryk: Wanneer Johannes in die hemel opgeneem is, lees ons dadelik wat hy sien: “Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand.” (4:2) En dié “Iemand” is Jesus Christus – “Die Koning van die konings en die Here van die heersers.” (19:16) Jesus Christus is die Koning van die Koninkryk van God. (Sien ook 5:10; 12:5;19:15; 20:6; 22:5: “Hulle [die uitverkorenes] sal tot in alle ewigheid regeer”.)


Volharding: By die verskyning van “die dier uit die see” (13:10) en by die eindoordeel het die gelowiges volharding nodig. “Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo.” (14:12)

Weereens let ons daarop hoe Johannes (geïnspireer deur die Heilige Gees) by die tema hou wat hy aan die begin van Openbaring (1:9) aankondig.

Die kerk oor alle eeue sal gebuk gaan onder verdrukking, want ons is in hierdie wêreld, maar nie van hierdie wêreld nie. Miljoene Christene word elke dag oor die wêreld vervolg.

In hierdie bedeling vóór die wederkoms van Christus moet die kerk (ons as gelowiges) gestalte gee – eintlik deur die werk van die Koning van die kerk: Christus – aan die Koninkryk van God. Ons moet die koningskap van Christus oor ons erken. Ons troos is: God regeer oral en altyd. Niks is ooit onder sy beheer uit nie.

Om die Koninkryk van God in sy volmaaktheid te laat kom, sal die kerk (die gelowiges) moet volhard in hulle geloof. Én ons moet volhard om te bid en nie moedeloos word nie (Luk. 18:1), want God verhoor ons gebede.
Opmerking: Die eerste woord van hierdie geskrif sê vir ons dit is 'n “Openbaring” – letterlik “Apokalips.” Maar in 1:3 en 19:10 word dit ook 'n “profesie” genoem. Dit is net om op nog 'n manier te sê: Dit kom van God af. Dit is die Woord van God.
– André Grové



***Gedagte vir die week***

Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar,
want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.
1 Tessalonisense 5:16-18

## *Forum 25 Februarie*

Forum se besoek aan Avianto was ʼn uitstaande geleentheid. Na elke uitstappie dink ons dit kan nie beter as dié dag se bederf nie. Dan pluk Leenster weer ʼn haas uit ʼn hoed. Avianto was nie ʼn een haas geleentheid nie maar sommer ʼn hele vertoning van die beste van die beste.

Met die aankoms word ons soos eregaste verwelkom. ʼn Lang imposante donker man verwelkom ons in pragtige Afrikaans. Sorgsaam word ons na binne begelei. Daar staan die tafels, indrukwekkend met pragtige tafeldoeke, linne servette en messegoed korrek volgens voorskrif gerangskik. Blink onder die ligte. Die bedagsame personeel sorg dat selfs diegene wat ʼn bietjie wankelrig is, hulle sitplekke veilig bereik. Leenster open met ʼn gebed gevul met dankbaarheid en lofprysinge vir onse Heer:
Ons is ons Vader se kinders.
Ons deel in sy genade; ons moet leef in dankbaarheid.
Laat ons ons harte oopmaak vir sy lig.
Deel sy lig met ons naastes.
Ons moet ʼn dankbare lewe leef tot eer van Sy naam.
Amen.

Daar is blykbaar ʼn misverstand onder van die Forum lede i.v.m. die betaal vir ons uitstappie. Ons kerklike bydra is in geheel vir die Kerkraad. Die geldjie wat ons maandeliks aan Leenster oorhandig is geensins deel van ons kerklike bydrae nie, uitsluitlik om die koste vir die uitstappie te dek. Die kerkraad ondersteun ons wel, deur ʼn gedeelte van ons bederf te betaal. Ons bedank die Kerkraad vir hulle geldelike ondersteuning.

Ons is baie bevoorreg deurdat Monnas die gebruik van een van hulle busse gratis tot ons beskikking stel.

Ons beterskap wense gaan aan al ons lede wat ongesteld is. Ons dink veral aan Trudy wat weereens haar skouer moes laat versien. Annatjie Lourens is ook ongesteld. Oom Gert het ook ons beterskap wense nodig.

Leenster vertel van verskillende interessante sade wat gesondheids-voordele het. Ons waardeer dit baie dat sy later al die inligting met ons deel via WhatsApp. Leenster is ʼn sprekende voorbeeld van die voordeel van die aanvulling tot ʼn mens se dieet. Deur die sade te gebruik help dit met spysvertering, gewigsverlies en meer. Dit verbeter tot sig!

’n Interessante brokkie wat Leenster deel is dat die maag die tweede brein is. Dus is dit my maag wat sê dat ek gereeld roomys moet eet. Van roomys gepraat, ons maaltyd het begin met heerlike, vars, bruin gesonde kolwyntjies en smaaklike wit botterbroodjies tesame met botter en konfyt. Dit was in ’n oogwink verorber, net so ’n eensame botterbroodjie het oorgebly. Dit is gevolg met ’n vars vrugtekelkie ewe deftig versier met ’n grenadella sorbet-balletjie. Verder het ons smaaklik aan vleis en slaai gesmul.

Dit was ’n besondere ondervinding om deur sulke goed opgeleide personeel bedien, en meer, versorg te word. Hulle vriendelike aandag aan ons, as ’n groep vrolike gryskoppe, was iets om te onthou. Met die uitstap het hulle hand bygesit waar nodig. Bonnie en Gavin is tot by hulle motor gehelp en daar is Gavin en sy getroue rolstoel knap in die motor gelaai.

’n Heerlike oggend, danksy Leenster. Ons het gesels, gelag en nader kennis gemaak met mede-Doppers wat ons net van sien ken. Leenster, dierbare mens, jy weet darem hoe om ons te bederf. Baie dankie.

Ns. Ek hoop dat die laat indiening van die verslag oor ons kuier in Februarie, meer mense nuuskierig sal maak, tot so ’n mate dat ons nog nuwe gesigte met ons volgende 'trippie' sal sien. Ons ry per bus en motor. Die busryers het tot ’n ry 'vryers' in die laaste banke van die bus. Kom kyk as u my nie glo nie.
-Martha Wynn

# *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**

**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

<u>12 April</u>
Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd - Goeie Herder Sondag – Geroep om te ly in Christus! 1 Petrus 2:11-25 (T = 1 Pet. 2:21).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Psalms

<u>19 April (Belydenisaflegging)</u>
Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd – Die pad na Emmaus – Ontmoet die opgestane Christus! Lukas 24:13-35 (T = Lukas 24:30-32).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Spreuke, Prediker en Hooglied

<u>26 April (Langnaweek) (Geen aanddiens) (Gemeentekamp)</u>
Oggend: Prof Herrie van Rooy
Oggend: Kamp – Dr De Wet – Die geblêr van kleinvee in God se ore! – 1 Samuel 15 (T = 1 Samuel 15:22).

<u>3 Mei (Geen aanddiens)(Langnaweek)</u>
Oggend: ds Jannie van der Schyff

<u>10 Mei</u>
Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd – Die geloofsbelydenis van Thomas – Lukas 24:36; Johannes 20:24-31 (T = Joh. 20:27-30).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Jesaja

<u>14 Mei (Hemelvaart)</u>
Aand: Dr De Wet – Hemelvaart – Hemelvaart is die oorwinning van Jesus Christus! Psalm 68 (T = Ps. 68:18-19).

<u>17 Mei</u>
Oggend: Dr De Wet -Opstandingstyd – God verlos ons van tyd en gee aan ons die ewigheid1 Prediker 3 (T = Pred. 3:11).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Jeremia en Klaagliedere

<u>24 Mei (Voorbereiding)(Pinkster)</u>
Oggend: Dr De Wet – Pinkster - God gee lewe deur Sy Woord en Gees! Esegiël 37:1-14 (Eseg. 37:12, 13).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Esegiël en Daniël

<u>31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)</u>
Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons ’n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).
Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

<u>7 Junie</u>
Oggend Prof Herrie van Rooy
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

<u>14 Junie</u>
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir ’n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga Nahum, Habakuk

<u>21 Junie</u>
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

<u>28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>
Oggend: ds Jannie van der Schyff

<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>
Oggend: Besoekende/Ander predikant

<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (22 JULIE)**

## ***Bankbesonderhede***

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## ***Ons Kandelaar Proeflesers***

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).